higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# TOERISTEBESTEMMINGS N5

(22030115)

**21 November 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**OOPBOEKEKSAMEN**

**Kandidate mag studenteportefeuljes wat aantekeninge, kaarte, brosjures, gidse, gevallestudies, werkopdragte, toetse en handboeke bevat, die GSA-tydskrif, sakrekenaar en 'n atlas by die eksamenlokaal inneem.**

**Kandidate is op 15 minute leestyd geregtig.**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye en twee bylae van 6 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
TOERISTEBESTEMMINGS N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**LET WEL:** Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. AFDELING A is VERPLIGTEND.
2. Beantwoord enige VIER uit AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
6. Skryf elke vraagnommer in HOOFLETTERS boaan elke bladsy.
7. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

### VRAAG 1

1.1 **AFRIKA-AFDELING**

Identifiseer in watter land die volgende nasionale parke of wildreservate is. Kies VYF lande uit die gegewe lys en pas VIER nasionale parke/wildreservate (uit die gegewe lys) by daardie gekose lande. Skryf die land se naam, dan die VIER bypassende nasionale parke/wildreservate neer.

Byvoorbeeld: 1.1.10 SUID-AFRIKA: Golden Gate-hoogland- nasionale park; Kruger- nasionale wildtuin; Pilanesberg- nasionale park; Bontebok- nasionale park

Kies VYF LANDE:

1.1.1 Namibië

1.1.2 Botswana

1.1.3 Zimbabwe

1.1.4 Kenia

1.1.5 Tanzanië

1.1.6 Uganda

1.1.7 Malawi

Pas VIER nasionale parke/wildreservate daarby:

| | | |
|---|---|---|
| Ai-Ais en Visriviercanyon | Nakurumeer | Ngorongoro |
| Amboseli | Lengwe | Nxai |
| Bwindi | Liwonde | Koningin Elizabeth |
| Sentrale Kalahari | Makgadikgadi | Ruwenzori |
| Etosha Park | Masai Mara | Serengeti |
| Gonarezhou | Matusadona | Tarangire |
| Gorongoza | Mgahinga | Tsavo |
| Kasungu | Moremi | Victoria-waterval |
| Kaudom | Morromeu | Vwasa |
| Manyarameer | Namib Naukluft | Zambezi |

(5 × 4) (20)

**1.2 AFDELING OOR EILANDE IN INDIESE OSEAAN: MAURITIUS; SEYCHELLE; COMORE; MADAGASKAR; MALEDIVE; RÉUNION**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Die taal wat die meeste op die Comore-eiland gepraat word, is Shimasiwa.

1.2.2 Zebu is 'n soort voël wat op Madagaskar gevind word.

1.2.3 Die Lhaviani-atol is deel van Maledive.

1.2.4 'n Gite is 'n soort verblyf op die Maledive.

1.2.5 Dit sal 1 uur neem om per pad van Port Louis na Curepipe te reis.

1.2.6 Die Comore lewer 80% van die wêreld se ilang-ilang.

1.2.7 Die Pamplemousses-tuine in Mauritius is beroemd vir die reusewaterlelies.

1.2.8 ’n Inkopie-item in Mauritius is *zafimaniny.*

1.2.9 Die tydsone van die Comore en Madagaskar is UT+3.

1.2.10 Die Seychelle is die naaste argipel aan Suid-Afrika.

1.2.11 Die Malediviese rufiyaa is die geldeenheid van die Maledive.

1.2.12 Die volle naam van die internasionale lughawe op Réunion is die Roland Garros Internasionaal.

1.2.13 Die eiland Rodriques is deel van Réunion.

1.2.14 Montagne d'Ambre is ’n nasionale park in Mauritius.

1.2.15 Esmeralda is skilpad wat aangetref kan word op Desroches-eiland, Seychelle.

1.2.16 Die geldeenheid van Réunion is Réunionse roepees.

1.2.17 Mohéli is geografies ’n deel van die Comore, maar polities is dit deel van Frankryk.

1.2.18 Die Malagassiese naam vir die Ile Ste Marie is Nosy Be.

1.2.19 Die hoofstad van die eiland Mayotte is Mamoudzou.

1.2.20 Morné Seychellois is die hoogste punt in die Seychelle.

(20 × 1) (20)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B

Beantwoord enige VIER van die vyf vrae in hierdie afdeling.

## VRAAG 2

## AFRIKA-AFDELING

2.1 Beantwoord die volgende vraag oor die fisiese geografiese kenmerke van die lande in die leerplan: Namibië; Botswana; Zimbabwe; Mosambiek; Malawi; Zambië; Uganda; Tanzanië; Uganda; Marokko. Jou eie kaart kan nuttig te pas kom, sowel as jou eie voorgeskrewe bronne.

2.1.1 Noem TWEE lande wat aan die Tanganjikameer grens. (2)

2.1.2 Noem TWEE lande wat aan die Malawimeer grens. (2)

2.1.3 Noem DRIE lande (Suid-Afrika uitgesluit) waardeur die Limpoporivier vloei. (3)

2.1.4 In watter TWEE lande tref jy die Kalahariwoestyn aan (Suid-Afrika uitgesluit)? (2)

2.1.5 Die Nyika-plato kom in TWEE lande voor. Noem albei. (2)

2.1.6 Noem VYF van die lande wat hier bo genoem word waar die Zambezirivier gesien kan word. (5)

2.1.7 Noem EEN Afrika-land wat 'n see sowel as 'n oseaan as 'n grens het. (1)

2.1.8 Die Groot Limpopo-oorgrenspark grens aan Suid-Afrika en watter TWEE ander lande? (2)

2.1.9 Noem EEN land uit die lys hierbo waardeur die ewenaar loop. (1)

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING OOR EILANDE IN INDIESE OSEAAN: MALEDIVE

2.2 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–W) langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.2.1 | Geldeenheid | A | Constance Moofushi |
| 2.2.2 | Plaaslike taal | B | 20 minute |
| 2.2.3 | Buurland | C | Suid-Kaafu |
| 2.2.4 | 'n Hotel op die Suid-Ari-atol | D | Maart |
| 2.2.5 | Die Sultan se park | E | Nakatschfushi |
| 2.2.6 | Die reistyd per boot vanaf die lughawe na Malé | F | Rufiyaa |
| 2.2.7 | Nasionale Dag-vieringe | G | Dhoni |
| 2.2.8 | Embudu-dorpie | H | Vrydag moskee |
| 2.2.9 | Tydsone | I | vis |
| 2.2.10 | Hulhule-internasionale lughawe | J | Ramadaan |
| 2.2.11 | 'n Plaaslike boot wat met dieselenjins aangedryf word | K | alkoholiese drankie |
| 2.2.12 | Hukuru-moskee | L | Dhivehi |
| 2.2.13 | Die grootste strandmeer (Kaafu) | M | MLE |
| 2.2.14 | 'n Moslemfees | N | voël |
| 2.2.15 | Die warmste maand | O | UT+5 |
| 2.2.16 | The Maldive Lady | P | Indië |
| 2.2.17 | 'n Blink, goue koepel, Malé | Q | Die Islam-sentrum |
| 2.2.18 | Die Piesangrif ('Banana Reef') | R | 'n park in Malé met dammetjies, waterlelies en bome |
| 2.2.19 | 'n Ringvormige koraalrif wat 'n strandmeer omsluit | S | atol |
| 2.2.20 | 'n Feesterretjie ('fairy tern') | T | 50 minute |
| | | U | Noord-Male-atol |
| | | V | Kenia |
| | | W | April |

(20)
**[40]**

## VRAAG 3

## AFRIKA-AFDELING

Om hierdie gedeelte te beantwoord, moet jy EEN van die volgende lande kies: TANZANIË of ZAMBIË of MAROKKO. Beantwoord net die vrae oor die land wat jy gekies het. Bly by die gegewe nommeringstelsel.

### 3.1 TANZANIË

Verwys na BYLAE A sowel as jou eie verwysings om die volgende vrae oor Tanzanië te beantwoord:

3.1.1 Naby watter berg is die groeiende stad Arusha? (1)

3.1.2 In watter nasionale park sal besoekers leeus sien wat boomklim? (1)

3.1.3 Verduidelik kortliks hoe die Groot Skeurvallei gevorm het. (2)

3.1.4 Op Dag 3 van hierdie reisplan sal die toer per pad via die Olduvai-kloof na die Serengeti reis.

Waarom sal die Olduvai-kloof by hierdie reisplan ingesluit word? (2)

3.1.5 Verduidelik kortliks wat *die Groot Migrasie* ('*The Great Migration*') behels? (4)

3.1.6 Is die Ngorongoro-bewaringsgebied 'n kulturele of natuurlike of gemengde UNESCO-wêrelderfenisgebied? (2)

3.1.7 Beskryf kortliks wat 'n reis na die Ngorongoro-krater sal behels. (2)

3.1.8 Noem TWEE speserye wat in Zanzibar gekweek word. (2)

3.1.9 Waarom sou die toer kies om op die *ooskuspad van Zanzibar* te bly en nie op die weskus nie? (1)

3.1.10 Wat is die hoofstad van Zanzibar? (1)

3.1.11 Watter soort argitektuur kan nog altyd in die Old Stone Town van Zanzibar gesien word? (1)

3.1.12 Hoe lank sal dit neem om per motorboot van Zanzibar na Dar es Salaam te reis? (1)

**OF**

## 3.2 ZAMBIË

3.2.1 Die meer waar huisbootvakansies gewild is. (1)

3.2.2 Die nasionale park op die suidelike rand van die Kafue-laagland. (1)

3.2.3 TWEE riviere wat hulle oorsprong in Zambië het. (2)

3.2.4 Die spoorwegmuseum kan hier gesien word. (1)

3.2.5 Die toeristehoofstad van Zambië. (1)

3.2.6 Die nasionale park wat deur die Kafuerivier verdeel word. (1)

3.2.7 Die nasionale park wat 100 km stroom af van die Victoria-waterval geleë is. (1)

3.2.8 Die nasionale park wat bekend is vir sy bome met bloeisels en eksotiese blomme. (1)

3.2.9 Die nasionale park wat aan die suidwestelike rand van die Bangweulumeer geleë is. (1)

3.2.10 Die nasionale park wat aan die pragtige Luangwarivier grens. (1)

3.2.11 Die nasionale park wat aan die Tanganjikameer grens. (1)

3.2.12 Noem die besienswaardigheid wat gewy is aan die bewaring van inheemse kunsvlyt. (1)

3.2.13 Noem die bestemming waar die besienswaardigheid wat in VRAAG 3.2.12 genoem word, geleë is. (1)

3.2.14 Die belangrikste besienswaardigheid in die Mosi-oa-Tunya-nasionale park. (1)

3.2.15 Die brug wat wêreldbekend is vir rekspring ('bungee jumping'). (1)

3.2.16 Die rivier waaroor die brug in VRAAG 3.2.15 strek. (1)

3.2.17 Noem EEN hotel in die Koperbeltgebied. Verwys na jou GSA. (1)

3.2.18 Gee die reistyd per trein van Lusaka na Ndola in ure en minute. (2)

**OF**

Kopiereg voorbehou 

3.3 **MAROKKO**

Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (3.3.1–3.3.20) in die ANTWOORDBOEK neer. Jy mag die letters in KOLOM B meer as een keer gebruik.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 3.3.1 | Saadi-grafte | A | Tangiers |
| 3.3.2 | Souk Dabbaghine (looierskwartier) | B | Meknes |
| 3.3.3 | Sidi Bounabib-moskee | C | Fèz |
| 3.3.4 | Jamaal al-Atig | D | Marrakesj |
| 3.3.5 | Al-Qarawiyin-universiteit | E | Rabat |
| 3.3.6 | Kasbah des Qudaias | F | Casablanca |
| 3.3.7 | El Jadida | | |
| 3.3.8 | De la Bahia-paleis | | |
| 3.3.9 | Mamora-woud | | |
| 3.3.10 | Volubilis | | |
| 3.3.11 | Djemmaa el-Fna | | |
| 3.3.12 | Mohammedia | | |
| 3.3.13 | Djevel Habri | | |
| 3.3.14 | Die Chellah | | |
| 3.3.15 | Mendoubia-tuin | | |
| 3.3.16 | Hassan II-moskee | | |
| 3.3.17 | Grand Socco-mark | | |
| 3.3.18 | Tour Hassan | | |
| 3.3.19 | Er Rsif-moskee | | |
| 3.3.20 | Azemmour | | |

(20 × 1) (20)

**EN**

**AFDELING OOR EILANDE IN INDIESE OSEAAN: MAURITIUS of RÉUNION**

Om hierdie gedeelte te beantwoord, moet jy EEN van die volgende eilande in die Indiese Oseaan kies: MAURITIUS of RÉUNION. Beantwoord net die vrae oor die land wat jy gekies het. Bly by die gegewe nommeringstelsel.

3.4 **MAURITIUS**

Verwys na die volgende uittreksel uit 'n reisgids vir Mauritius, sowel as jou eie bronne, en beantwoord die volgende vrae:

DIE KLEURVOLLE SUIDE
DUUR: Volle dag
DINSDAE en DONDERDAE
Ondersoek die heel beste van hierdie eilandparadys met wonderlike geleenthede vir inkopies en besoek van besienswaardighede. Hoogtepunte sluit 'n besoek in na Trou aux Cerfs, die krater van 'n uitgestorwe vulkaan; die besige dorp Curepipe, wat beroemd is vir belastingvrye diamante en besoeke aan Mzare aux Vacaos, die Grand Bassin-meer en die pragtige Black River-ravyne. Geniet middagete by óf Varangueu sur Morne óf Chamarel, waar jy die Sewekleurgrond ('Seven-coloured Earths') besoek en die pragtige uitsig van Le Morne geniet voordat jy na jou hotel terugkeer. Toer sluit middagete in.

3.4.1 Op watter dae word hierdie toer aangebied? (1)

3.4.2 Watter etes word by die toer ingesluit? (1)

3.4.3 Beskryf die ligging van Trou aux Cerfs. (2)

3.4.4 Noem TWEE ander besienswaardighede in Curepipe, buiten inkopies vir diamante. (2)

3.4.5 Grand Bassin word besoek op hierdie toer. Gee 'n rede vir 'n besoek daaraan. (2)

3.4.6 Verduidelik wat die Black River-ravyne is wat gedurende hierdie toer besoek sal word, en gee 'n rede vir 'n besoek daaraan. (4)

3.4.7 Die Sewekleurgrond is 'n ander besienswaardigheid op hierdie toer.

Verduidelik wat dit is en hoe dit ontstaan het. (3)

3.4.8 Noem die waterval wat naby die Sewekleurgrond gesien kan word. (1)

3.4.9 Beskryf waar Curepipe geleë is op die eiland. (2)

3.4.10 Noem TWEE gholfvakansieoord- en spahotelle in Le Morné. Verwys na jou GSA. (2)

**OF**

## 3.5 RÉUNION

Verwys na BYLAE B asook na jou eie bronne om die volgende vrae te beantwoord:

3.5.1 In die artikel verwys die skrywer na die vliegtyd van Australië na Réunion. Lig 'n potensiële kliënt in oor die vliegtyd (in ure en minute) van Suid-Afrika na Réunion as die vlug om 11:50 vertrek en om 17:40 land. Verwys na jou GSA. (2)

3.5.2 Verwys na jou GSA en gee die volle naam/name van TWEE van die lugrederye wat direkte vlugte van Suid-Afrika na Réunion aanbied. (2)

3.5.3 Noem die aankomslughawe wat deur die meeste internasionale sakereisigers na Réunion gebruik word. Sluit ook die drieletter-IATA-kode vir hierdie lughawe in. (2)

3.5.4 Wat is 'n *keteldal* (*'cirque'*)? (2)

3.5.5 Die skrywer van die artikel noem Cirque de Cilaos.

Noem TWEE ander keteldalle. (2)

3.5.6 Volgens die artikel is die infrastruktuur van die eiland 'ongelooflik'.

Aan watter kant van die pad sal 'n motor bestuur word? (1)

3.5.7 Saint-Denis het 'Frans-koloniale argitektuur en welige tuine'.

Noem en beskryf EEN voorbeeld van Frans-koloniale argitektuur en EEN voorbeeld waar 'welige tuine' gesien kan word. (2 × 2) (4)

3.5.8 Noem TWEE hotelle in St Gilles. Verwys na jou GSA. (2)

3.5.9 Noem EEN toeroperateur. Verwys na jou GSA. (1)

3.5.10 Watter dorp het in 2000 die titel van die 'pragtigste dorpie' verwerf? (1)

3.5.11 Noem die hoofaktiwiteit wat plaasvind in die dorp wat in VRAAG 3.5.10 genoem word. (1)

## VRAAG 4

### 4.1 AFRIKA-AFDELING

Identifiseer in watter land jy die volgende plekke sal vind. Kies tussen NAMIBIË, BOTSWANA, ZIMBABWE of MOSAMBIEK. Skryf slegs naam van die land langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.20) in die ANTWOORDBOEK neer. Jou eie kaart en atlas kan nuttig te pas kom.

4.1.1 Makgadikgadi-pan

4.1.2 Vilanculos

4.1.3 Cahora Bassa-meer

4.1.4 Mutirikwe-meer

4.1.5 Savutirivier

4.1.6 Ponta do Ouro

4.1.7 Epupa-waterval

4.1.8 Pemba

4.1.9 Chimanimani-gebergte

4.1.10 Otjikoto-meer

4.1.11 Die Seekus van die Dood ('The Skeleton Coast')

4.1.12 Brandberg/Burning Mountain

4.1.13 Visrivier-canyon

4.1.14 Victoria-waterval

4.1.15 Berg Binga

4.1.16 Kasane

4.1.17 Gweru

4.1.18 Beira

4.1.19 Francistown

4.1.20 Die Aha-heuwels

(20 × 1) (20)

Kopiereg voorbehou 

4.2 **AFDELING OOR EILANDE IN INDIESE OSEAAN**

Om hierdie gedeelte te beantwoord, moet jy EEN van die volgende eilande in die Indiese Oseaan kies: COMORE of SEYCHELLE. Beantwoord net die vrae oor die land wat jy gekies het. Skryf die eiland van jou keuse in hoofletters bo jou antwoorde. Antwoorde moet genommer word presies volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4.2.1 Verduidelik die ligging van die eiland breedvoerig. Verwys na sy ligging ten opsigte van hoe ver dit van omringende eilande en lande op die vasteland geleë is en gee ook 'n aanduiding van rigting. (5)

4.2.2 Noem die vernaamste eiland in die argipel. (1)

4.2.3 Noem die hoofstad van die eiland van jou keuse. (1)

4.2.4 Beskryf die ligging van die vernaamste internasionale lughawe breedvoerig. (3)

4.2.5 Beskryf die algemene aantrekkingskrag van die eilande wat dit 'n interessante bestemming maak. (3)

4.2.6 Gee kortliks besonderhede oor die geskiedkundige en/of kultuurinvloede op die eilande wat besoekers interessant sal vind, en noem waar daardie invloede gesien kan word. (3)

4.2.7 Beveel TWEE spesifieke besienswaardighede op die eilande aan en verstrek in elke geval redes vir jou aanbeveling. (2 × 2) (4)

**[40]**

**VRAAG 5**

**AFRIKA-AFDELING**

5.1 Om hierdie gedeelte te beantwoord, moet jy EEN van die volgende lande kies: UGANDA of KENIA Beantwoord net die vrae oor die land wat jy gekies het. Bly by die gegewe nommeringstelsel.

5.1.1 Noem die hoofstad van die land van jou keuse. (1)

5.1.2 Gee die IATA-kode van die internasionale lughawe. (1)

5.1.3 Noem en beskryf TWEE kulturele besienswaardighede in die hoofstad van die land van jou keuse. (2 × 2) (4)

5.1.4 Noem enige EEN meer in die land van jou keuse. (1)

5.1.5 Gee TWEE voorbeelde van tradisionele inkopie-items vir toeriste, vars produkte uitgesluit. (2)

Kopiereg voorbehou 

5.1.6 Noem die maande wanneer dit die beste tyd is om die land van jou keuse te besoek. (1)

5.1.7 Gee die tydsone van die land van jou keuse in die somer. (1)

5.1.8 Noem EEN toeroperateur wat kan help om 'n toer na die land van jou keuse te reël. Verwys na jou GSA. (1)

5.1.9 Gee die geldeenheid en geldeenheidkode van die land van jou keuse. (2)

5.1.10 Noem die openbare vakansiedag in Junie. (2)

5.1.11 Noem die hoogste punt in die land van jou keuse en gee ook die hoogte daarvan in meter. (2)

5.1.12 Wat is die reistyd (in ure en minute) van die lughawe na die middestad? (2)

**EN**

5.2 **AFDELING OOR EILANDE IN INDIESE OSEAAN MADAGASKAR**

5.2.1 Wat is die land se belangrikste landbouproduk? (1)

5.2.2 Gee die Malgassiese naam vir 'Die Blou Stad' of 'Die Heilige Stad' of 'Die Verbode Stad'. (1)

5.2.3 Beskryf wat 'n toeris kan sien by die stad wat in VRAAG 2 genoem word, met spesifieke verwysing na die UNESCO-wêrelderfenis-gebied. (4)

5.2.4 Geen EEN voorbeeld van 'n Malgassiese fady wanneer jy die stad besoek wat in VRAAG 2 genoem word. (1)

5.2.5 Gee 'n ander woord vir 'n nosy. (1)

5.2.6 Noem die gewildste nosy-argipel wat op die noordelike punt van die eiland geleë is. (1)

5.2.7 Noem DRIE ander 'nosy' wat hierdie argipel vorm. (3)

5.2.8 Noem DRIE produkte wat gebruik word om parfuum te maak en wat gevind word in die argipel wat in VRAAG 6 genoem word. (3)

5.2.9 Wat is die TWEE name van die hoofdorp op hierdie nosy? (2)

5.2.10 Noem die hoogste punt op hierdie nosy, waarvandaan die sewe heilige kratermere en die res van die landskap geniet kan word. (1)

5.2.11 Noem Madagaskar se grootste hawe. (1)

5.2.12 Op watter eiland van Madagaskar sal 'n toeris die enigste seerowerbegraafplaas ter wêreld kan sien? (1)

**[40]**

## VRAAG 6

## AFRIKA-AFDELING

Om hierdie gedeelte te beantwoord, moet jy TWEE van die volgende lande kies: NAMIBIË of BOTSWANA of ZIMBABWE of MOSAMBIEK. Beantwoord net die vrae oor die land wat jy gekies het. Bly by die gegewe nommering.

6.1 **NAMIBIË**

6.1.1 Verduidelik kortliks wat *welwitschia mirabilis* is en waar dit gevind kan word. (2)

6.1.2 Noem die rivier wat die noordelike grens tussen Namibië en Angola vorm. (1)

6.1.3 Noem EEN driesterverblyfplek in Lüderitz. Verwys na jou GSA. (1)

6.1.4 Noem EEN van die Duitse kastele in Windhoek. (1)

6.1.5 Noem EEN motorhuurmaatskappy. Verwys na jou GSA. (1)

6.1.6 Noem TWEE van die kultuurgroepe in Namibië. (2)

6.1.7 Verduidelik waarom die tydsone UT+1/UT+2 is. (2)

**EN/OF**

6.2 **BOTSWANA**

6.2.1 Verduidelik kortliks die ligging van die Okavango-delta, met verwysing na die naaste buurland. (2)

6.2.2 Noem TWEE huurmaatskappye wat vlugte na die Okavango-delta aanbied. Verwys na jou GSA. (2)

6.2.3 Noem die lughawe wat die Okavango-deltagebied bedien. (1)

6.2.4 Wat is die vliegtyd in ure en minute van Gaborone na die bogenoemde lughawe as die vlug om 11:45 vertrek en om 13:15 land? (2)

6.2.5 Wat is die reistyd in ure en minute per bus van Francistown na Maun? (2)

6.2.6 Wat is die *Savuti*? (1)

**EN/OF**

6.3 **ZIMBABWE**

6.3.1 Noem die DRIE bestemmings in Zimbabwe wat deur 'n direkte vlug van Suid-Afrika bereik kan word. Verwys na jou GSA. (3)

6.3.2 Gee die volle name van die lugredery(e) wat hierdie vlugte aanbied. Verwys na jou GSA. (3)

6.3.3 Noem die mensgemaakte meer in die noorde van die land. (1)

6.3.4 Noem DRIE vername gebiede om in die Groot Zimbabwe-ruïnes te verken. (3)

**EN/OF**

6.4 **MOSAMBIEK**

6.4.1 Noem die VIER bestemmings in Mosambiek wat deur 'n direkte vlug van Suid-Afrika bereik kan word. Verwys na jou GSA. (4)

6.4.2 Noem DRIE spesiale inkopie-items. (3)

6.4.3 Verduidelik wat 'n *chapa* is. (1)

6.4.4 Gee die volledige adres van die Suid-Afrikaanse ambassade in Mosambiek. (2)

**EN**

**AFDELING OOR EILANDE IN INDIESE OSEAAN**

6.5 Beantwoord die volgende vrae oor eilande in die Indiese Oseaan, soos in die leerplan voorgeskryf. Kies die korrekte antwoord uit die TWEE opsies wat gegee word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer in die ANTWOORDBOEK neer.

6.5.1 Die hoofstad van Mauritius is (Port Louis/Victoria).

6.5.2 (Indië/Sri Lanka) is die naaste land aan die Maledive.

6.5.3 Die Aldabra-atol is deel van die (Seychelle/Maledive).

6.5.4 Dhivehi is een van die tale wat in (Madagaskar/die Maledive) gepraat word.

6.5.5 Die ewenaar kruis die (Bazaruto-argipel/Maledive-argipel).

6.5.6 70% van die wêreld se (lemurs/gorillas) lewe in Madagaskar.

6.5.7 Die internasionale lughawe van die Seychelle lê aan die (ooste/weste) van die eiland Mahé.

6.5.8 Madagaskar is die (vierde/vyfde) grootste eiland in die wêreld.

Kopiereg voorbehou 

6.5.9 Anse Lazio is 'n strand wat op 'n eiland van die (Comore/Seychelle) aangetref word.

6.5.10 Madagaskar lê sowat 250 myl van die ooskus van Afrika, (suid/noord) van die ewenaar.

6.5.11 Piton de la Fournaise is 'n vulkaan op (die Maledive/Réunion).

6.5.12 Rodrigues is deel van (Réunion/Mauritius).

6.5.13 Curieuse-eiland is deel van die (Maledive/Seychelle).

6.5.14 Die (Safiko-musiekfees/Kreoolse Fees) is 'n viering op Réunion.

6.5.15 Tanzanië is (oos/wes) van die Comore geleë.

6.5.16 Mitsamiouli is die tweede grootste dorp in die Comore, geleë op (Grand Comores/Mayotte).

6.5.17 Malé is die hoofstad van die (Maledive/Seychelle).

6.5.18 Die (Kreefs-/Steenboks-)keerkring kruis Mauritius.

6.5.19 (Antananarivo/Nosy Be) is die hoofstad van Madagaskar.

6.5.20 Mauritius se tydsone is (UT+4/UT+3).

(20 × 1) (20)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou

**BYLAE A**

**TANZANIË**

# Tanzanië-safari en Zanzibar-strandvakansie

**Opsomming van hierdie lodge-safari**

- Maks. grootte van groep: 7 reisigers
- Vertrek van Arusha, Tanzanië
- Eindig in Stone Town, Tanzanië
- Verblyf: Safarilodge/Lodge
- Vervoer: Wildbesigtigingsvoertuig
- Wild: Groot 5, Olifante, Luiperds, Leeus, Migrasiesafari (seisoenaal) en nog meer

**Vinnige oorsig van reisplan**

Die **Tanzanië-safari en Zanzibar-strandreis** begin in die dorp Arusha, gevolg deur oornagverblyf by 'n lodge by die Manyarameer in Tanzanië.

Vanaf die Manyarameer word die volgende paar dae deurgebring deur die wildryke Serengeti- nasionale park en die Ngorongoro-krater te ontdek terwyl daar deur die Malanja-depressie en Masai-dorpies gereis word. Die Tanzanië-safari neem jou dan na Arusha via die Manyarameer en die Groot Skeurvallei vir die vlug na Zanzibar-eiland.

Die volgende vyf nagte van die **Tanzanië-safari en Zanzibar-strandreis** word op Zanzibar-eiland deurgebring waar jy Zanzibar se sandstrande, watersport en kultuur- of buitemuurse aktiwiteite sal geniet.
Bedrywighede op Zanzibar sluit skubaduik, bootreise na eilande in die Indiese Oseaan en toere van Stone Town of die speseryplantasies in. Akkommodasie op Zanzibar-eiland in in vyfsteroorde en -hotelle aan die ooskus van hierdie pragtige tropiese eiland.

**Reisplan vir hierdie toer**

**Dag 01: Arusha – Tanzanië**

Die **Tanzanië-safari & Zanzibar-strandreis** begin in Tanzanië waar jy by die Kilimanjaro- internasionale lughawe opgelaai word en na jou vyfsterlodge in Arusha geneem word. Hierdie groeiende stad lê naby die voet van die Berg Meru, wat die reismiddelpunt vir safari's na Tanzanië se beroemde Noordelike Safaristreek is.

- Eteplan: Bed en ontbyt

**Dag 02: Arusha na Manyarameer – Tanzanië**

Op die tweede dag reis ons van **Arusha na die Manyarameer- nasionale park**, gaan ons op 'n **wildbesigtigingstoer in die middag** en stop ons vir 'n piekniekmiddagete langs die pad.
Hierdie ongelooflike mooi nasionale park is bekend vir sy leeus wat boomklim, groot troppe bobbejane en flaminke. Bly op die uitkyk na buffels, olifante, sebras, wildebeeste en kameelperde sowel as bokke soos bosbokke. Die Manyarameer het ook 'n oorvloed voëls, insluitende baie watervoëls.
In die laatmiddag kom ons by die vyfstertentlodge vir ons **oornagverblyf by die Manyarameer**.

- Eteplan: Ontbyt, piekniekmiddagete, aandete

**Dag 03: Serengeti- nasionale park – Tanzanië**
Ná ontbyt gaan ons per pad voort van die Manyarameer na die uitgestrekte Serengeti-nasionale park via die Olduvai-ravyn.
Ons stop om die Olduvai-museum en -ravyn te besoek, die argeologiese terrein waar fossiele van ons vroegste menslike voorouers en hulle gereedskap uitgegrawe is. Daar is ook die opsie om 'n Masai-dorpie te besoek om Kenia se bekendste etniese groep, die halfnomadiese Masai, raak te loop.
Dan geniet ons 'n wildbesigtigingstoer terwyl ons op pad is na ons vyfsterlodge of tentlodge by die wêreldbekende Serengeti- nasionale park.

- Eteplan: Ontbyt, piekniekmiddagete, aandete

**Dag 04: Serengeti- nasionale park – Tanzanië**
Die hele dag word gewy aan wildbesigtiging in die pragtige Serengeti- nasionale park op die vierde dag van hierdie **Tanzanië-safari en Zanzibar-strandreis**.
Serengeti is die grootste nasionale park in Tanzanië en beslaan ongeveer 14 760 km² van oop vlaktes en wildernis. Hierdie unieke wildreservaat bied verblyf aan 'n ontsagwekkende oorvloed groot soogdiere, insluitende massas plantvreters soos wildebeeste, sebras, bokke, topi's, buffels en hartbeeste. Die Serengeti-park is ook beroemd vir roofdierbevolkings, veral groot katte – leeus, jagluiperds en luiperds.
Jy sal kan kies tussen 'n warm middagete by die lodge of 'n pieniekmiddagete, en die aand word deurgebring by 'n vyfster- Serengeti luukse of tentlodge.

- Eteplan: Ontbyt, piekniekmiddagete of warm middagete, aandete

**Dag 05: Serengeti- nasionale park na Ngorongorokrater – Tanzanië**
In die oggend vertrek ons op 'n wildbesigtigingstoer in die **Serengeti- nasionale park** en stop vir 'n piekniekmiddagete langs die pad.
Ons wildbesigtigingstoer neem ons dan verby die Malanja-depressie terwyl ons verby etlike Masai-dorpies gaan op pad na die beroemde Ngorongoro-bewaringsgebied. Ons kom betyds by ons vyfster-Ngorongoro-lodge vir aandete en 'n ontspannende aand terwyl ons ons avonture op die Serengeti-vlaktes herleef.

- Eteplan: Ontbyt, piekniekmiddagete, aandete

**Dag 06: Ngorongoro-krater – Tanzanië**
Ná ontbyt sak ons af in die Ngorongoro-krater vir 'n wildbesigtigingstoer van ses uur in hierdie wildreservaat wat propvol wild is. Ngorongoro is die grootste onoorstroomde kaldera ter wêreld en huisves een van die hoogste konsentrasies van wild in Afrika. Byna elke groot soogdierspesie van Afrika word gereeld op wildbesigtigingstoere in hierdie krater gesien, van die swartrenoster tot die gevlekte hiëna.
In die middag besoek ons een van die **plaaslike Masai-dorpies.** Dan gaan ons na die Manyarameer vir aandete en 'n oornagverblyf by 'n vier- of vyfsterlodge of tentlodge daar naby.

- Eteplan: Ontbyt, piekniekmiddagete, aandete

**Dag 07: Manyarameer na Arusha en Zanzibar-eiland**
Op dag sewe van die **Tanzanië-safari en Zanzibar-strandreis** vertrek ons ná ontbyt van die Manyarameer na Arusha en reis ons via die Groot Skeurvallei en die plattelandse dorpie van Mto wa Mbu.

Ons kom omtrent op die middaguur vir ons vlug na Zanzibar by die Arusha-lughawe en vertrek om 13:30. Wanneer jy om 15:30 by die Zanzibar- internasionale lughawe aankom, sal jy deur ons gids ontmoet word en na jou strandoord aan die **ooskus van Zanzibar** vervoer word.

Kopiereg voorbehou 

Jy sal kan kies tussen twee vyfsterstrandoorde aan die ooskus van Zanzibar-eiland.

- Eteplan: Ontbyt / Zanzibar: alles ingesluit

**Dag 08 – 11: Ooskus van Zanzibar-eiland**

Die volgende paar dae word deurgebring deur op die wit sandstrande te ontspan, in die warm Indiese Oseaan te swem en ons luukse **Zanzibar-strandoord** op ons tyd te geniet.

Die eilande van die Zanzibar-argipel is beroemd vir hulle idilliese tropiese strande en is bekend as die Speseryeilande weens die eksotiese speserye wat hier gekweek word. Besoek die speseryplantasies om die helderkleurige en geurige speserye, soos borrie, gemmer, swartpeper, neutmuskaat en kaneel, te ruik, te sien en te proe.

Jy kan 'n boot neem om na een van die kleiner eilande te reis om te ontspan of rond te loop of om te gaan skubaduik. Snorkel en skubaduik is gewilde aktiwiteite weens die ryk seelewe wat in hierdie helder waters aangetref word. Jy sal weer 'n keuse van vyfsterakkommodasie by een van twee oorde op Zanzibar hê.

- Eteplan: Alles ingesluit

**Dag 12: Strandoord na Zanzibar-lughawe – Zanzibar-eiland**

Ná ontbyt op dag 12 sal jy na die Zanzibar- internasionale lughawe of die hawe van Stone Town geneem word, waar hierdie **Tanzanië-safari en Zanzibar-strandreis** ten einde loop.

- Eteplan: Ontbyt

**Opsionele ekstras en uitstappies**

- Serengeti-warmlugballonsafari
- Ngorongoro Masai Boma-besoek
- Vlug van Arusha na Nairobi
- Vlug van Arusha na Zanzibar
- Veerbootrit/vlug van Zanzibar na Dar es Salaam
- Lughawevervoer van Kilimanjaro-lughawe na Arusha

[Vertaal uit: https*://www.africanbudgetsafaris.com/budget-lodge-safaris/tanzania-safari-and-zanzibar-beach-trip/*]

Kopiereg voorbehou 

**BYLAE B**

**RÉUNION**

# Réunion-eilandreisgids: 12 redes om beïndruk te wees met hierdie eiland in die Indiese Oseaan wat die rekords laat spat

Geskryf deur: *Craig Platt*

Oos van Madagaskar in die Indiese Oseaan lê 'n piepklein eilandjie. Baie Australiërs het nog nie eers daarvan gehoor nie, hoeveel te minder dit besoek. Dit word Réunion-eiland genoem en dit is een van die ongewoonste eilandparadyse op die planeet.

Trouens, dit hou 'n menigte rekords en kenmerkende eienskappe wat dit wêreldberoemd moes gemaak het. In plaas daarvan is dit nog steeds 'n onontdekte geheim onder almal behalwe die Frase, wat dit as 'n deel van hulle eie land opgeëis het.

Maar hier is 'n paar redes waarom dit verdien om beter bekend te wees.

**Dis die tuiste van die wêreld se langste binnelandse vlugroete**

Wanneer jy in Réunion ingaan, gaan jy Frankryk amptelik binne, al is jy meer as 9 000 kilometer van Parys af. Dit beteken dat as jy ononderbroke van Charles de Gaulle-lughawe af na Réunion vlieg, verlaat jy tegnies gesproke nooit Frankryk nie en kan jy dus die land as 'n binnelandse passasier binnegaan. Dit neem meer as 11 uur, wat die vlug van Sydney na Perth in vergelyking na 'n plesierrit laat klink.

**Mense woon in kraters**

Hierdie eiland is bedek met groot kraters. Hulle is trouens so groot dat 'n hele dorpie in hulle aangetref kan word. 'n Besoek aan die Cirque de Cilaos-kaldera, wat die een pad in en uit die krater gebruik, bied 'n kykie in 'n heeltemal verskillende wêreld as dié van die strande en kranse van die kuslyn. In die krater verander die klimaat heeltemal, die temperatuur daal en rotsbossies maak plek vir 'n ruig reënwoud met pragtige watervalle.

Om die ware perspektief op hierdie ongewone dorpies te kry, moet jy 'n helikopterrit oor die eiland neem, waartydens jy die kraters, en as jy gelukkig is, selfs 'n paar uitbarstings, duidelik sal sien. Sien helilagon.com.

**Dis die tuiste van een van die wêreld se aktiefste vulkane**

Piton de la Fournaise, aan die oostekant van die eiland, het meer as 150 opgetekende uitbarstings en is 'n vername toeristebesienswaardigheid. Dit het laas in Januarie vanjaar uitgebars. Dit was vroeër 'n gewilde voetslaanplek maar die vulkaniese aktiwiteit van onlangse tye het 'n stokkie daarvoor gesteek.

**Dit het van die beste infrastruktuur wat jy ooit op 'n eiland sal vind**

Die infrastruktuur op Réunion is ongelooflik en laat selfs Hawaii op sy neus kyk. Die breë paaie is glad, reguit en vinnig. Al kan die verkeer in die eiland se hoofdorp nogal

straf wees, kan jy op volle spoed buite die stad rondry, terwyl jy beswaarlik 'n stamp voel.

**Dis die tuiste van die duurste pad in Frankryk**

Al is die paaie redelik goed, word hulle beter. As gevolg van die risiko van rotsstortings en grondverskuiwings vanaf die steil kranse tussen Saint-Denis en die eiland se hawe, wat die pad tot 40 keer per jaar kan sluit, word 'n nuwe pad van 12,5 kilometer gebou teen die ongelooflike prys van €1,66 miljard ($2,43 miljard).
Waarom is dit so duur? Die sesbaansnelweg styg op kolomme uit die oseaan en is gebou om winde van orkaansterkte en 'n onstuimige see te weerstaan. Die projek sal hopelik volgende jaar voltooi word.

**Dis die gevaarlikste plek ter wêreld vir haai-aanvalle**

Terwyl Australië en Suid-Afrika oorgenoeg haaie het, vergelyk niks met Réunion se onlangse rekord nie. Wetenskaplikes bestudeer die verskynsel al jare lank, maar kan nie vasstel waarom hierdie plek so 'n middelpunt van aanvalle geword het nie. In 2013 het die regering swem en branderplankry by enige van die eiland se strande verbied behalwe by dié wat deur haainette beskerm word of by strandmere. Die onlangsste noodlottige aanval het in Februarie vanjaar plaasgevind, die agtste sedert 2011. Dit klink dalk nie na veel wanneer dit met Australië vergelyk word nie (wat 17 sedert 2011 gehad het), maar die bevolking en kuslyn van Réunion is piepklein wanneer dit met Australië s'n vergelyk word.

**Dit het die grootste leidrade wat nog gevind is oor die geheim van Vlug MH370**

Ná 'n maande lange, tevergeefse soektog in die Indiese Oseaan, het die internasionale poging om die vermiste Malaysia Airlines-vlug MH370, wat in Maart 2014 onder geheimsinnige omstandighede verdwyn het, op te spoor, niks opgelewer nie.
Maar in Julie 2015 is brokstukke op die strande van Réunion ontdek, waarvan dit later bevestig is dat dit van MH370 kom. Al is die raaisel nog steeds nie opgelos nie, is die beste leidrade oor die vliegtuig se verdwyning op hierdie eilandjie oos van Afrika gevind.

**Dis die tuiste van die grootste Franse stad buite Frankryk**

Saint-Denis, die eiland se hoofstad, het 'n bevolking van 158 139. Dit maak dit die 21ste grootste Franse stad, en die grootste Franse stad wat nie geografies in Frankryk geleë is nie. Met sy Frans-koloniale argitektuur en welige tuine ding dit mee met Singapoer as 'n groen, skoon en goed versorgde eilandstad.

**Dis ook die tuiste van 'die pragtigste dorpie in Frankryk' ... wat nie in Frankryk is nie**

Die naam is dalk nie so aantreklik nie, maar die gemeenskap van Hell-Bourg word gereken onder die pragtigste dorpies in Frankryk, al is dit tegnies, geografies gesproke, nie in die land nie.

Les Plus Beaux Villages de France (wat 'die pragtigste dorpies in Frankryk' beteken) is 'n vereniging wat in 1982 gestig is en 'n ranglys van die land se pragtigste dorpies saamstel, wat 'n bevolking van minder as 2 000 en ten minste twee nasionale erfenisterreine moet hê

Kopiereg voorbehou 

Hell-Bourg, wat in die kaldera van Cirque de Salazie lê, is die enigste dorpie buite Frankryk op die vasteland wat op die lys verskyn. Die dorpie maak die lys weens die 'pragtige natuurskoon van die Cirque de Salazie en sy welige plantegroei', en sy erfenisargitektuur uit sy dae as 'n spadorp.

**Dis die tuiste van die swaarste reënstorms op die planeet**

Al is dit 'n gewilde bestemming vir see en sand kan die binneland van Réunion uiters nat wees. In Februarie vanjaar het tropiese sikloon Carlos n geweldige 447,7 millimeter oor 'n tydperk van 24 uur in die berge laat uitsak. In 1980 het tropiese sikloon Hyacinthe die eiland getref en 12 dae daar gebly, 'n ongelooflike 6 083 millimeter het op dele van die eiland uitgesak, wat dit die natste tropiese sikloon tot nog toe gemaak het. Om daardie figuur in perspektief te plaas, is die gemiddelde reënval vir Melbourne 648 millimeter. Pak dus 'n reënjas saam met jou swemklere in.

**Dis die tuiste van die Indiese Oseaan se hoogste bergpiek**

Die kompetisie in hierdie deel van die wêreld is weliswaar nie baie straf nie. Die Maledive is uiters laagliggend en die nabye Mauritius se bergpieke styg nie baie hoog nie. Piton des Neiges is 3 069 meter hoog en kan gedurende 'n (lang) dag se staptoer geklim word, al is daar 'n berghut vir dié wat dit teen 'n stadiger pas wil neem en daar wil oornag om vanaf die bergspits na die sonsopkoms te kyk.

**Dis nie propvol oorde nie**

Al is die eiland 'n geweldige mooi tropiese eiland en 'n gewilde wegkomplek vir die Franse, moet dit sy hotelbedryf nog ten volle ontwikkel. Tans is Lux Saint Gilles (wat deur die hotel- en oordketting Lux van Mauritius besit word) die enigste vyfsteroord op die eiland. Die oord lê aan die westekant van die eiland teen 'n beskutte strandmeer, en die grootste swembad op die eiland kan daar gevind word.

**REISNOTAS**

http://en.reunion.fr

**VERBLYF**

Rates Lux Saint Gilles begin by $670 per gedeelde kamer per nag. Die hotel kan toere reël van die eiland wat besoeke aan kalderagemeenskappe, vanieljeplantasies en etlike geskiedkundige terreine insluit. Sien

[Bron: https://www.luxresorts.com/en/hotel-reunion/luxsaintgilles]
*[Die skrywer het gereis as 'n gas van Lux Hotels and Resorts.]*
[Vertaal uit http://www.traveller.com.au/reunion-island-travel-guide-12-reasons-to-be-impressed-by-this-recordbreaking-indian-ocean-island-gxhdup]

Kopiereg voorbehou